# HOOFSTUK VI.

## Apartheid in die Skoolopvoeding in Natal gedurende die Negentiende Eeu.

### Voortrekker-Natal.

Alhoewel die Voortrekker in Natal gedurende die kortstondige bestaan van die Republiek byna al sy tyd en kragte aan krygsake en die beskerming van sy lewe moes wy, het sy diepliggende Calvinistiese godsdienssin hom belet om sy kind as heiden of ongeletterde te laat opgroei. Die jong seun en dogter moes minstens die Bybel kon lees.

Die Voortrekker het 'n definitiewe skeidslyn tussen hom en die nie-blanke, veral die Bantoe, getrek. Die slaaf en die kleurling wat saam met hom die Kaapkolonie verlaat het, moes dikwels veiligheidshalwe saam met hom in dieselfde kamp verkeer. Daar was egter 'n duidelike verstandhouding wat deur hierdie buitengewone omstandighede nie uitgewis is nie. Gelykstelling tussen blank en nie-blank is beskou as teenstrydig met die wette van God.

Wat die skoolopvoeding betref, is hier en daar onder die Voortrekkers soms van 'n ou vrygemaakte slaaf gebruik gemaak, om te help met die onderwys van die kinders. Lourens de Klerk wat sy eerste onderwys van sy tante en moeder ontvang het, is gedurende die ses maande wat sy ouers in Natal aan die Boesmansrivier gewoon het, deur 'n sekere Barnard Hobbel, 'n kapenaar en baster, bruin van kleur, maar 'n Christen, onderwys gegee. Hobbel was een van die slawe wat nog voor hulle vrystelling 1834, onderwys aan die Kaap ontvang het. (1) Om praktiese redes is daar wel van nie-blankes gebruik ge-

(1) News Paper Cuttings, South African Newspapers, Vol. No. 11, 350. (S. Arg. Pm.)

maak om blanke kinders te onderrig. Daar was geen blanke onderwysers beskikbaar nie en die Trekkers was begerig om hulle kinders van onderwys te voorsien, hoe gering ook al. Dit was 'n kwessie van praktiese en nie soseer van prinsipiële aard nie.

Behalwe die elementêrste onderrig, was daar nie eintlik sprake van onderwys in Voortrekker-Natal nie. Op die keper beskou, ook geen sprake van 'n georganiseerde skoolwese nie, en gevolglik is daar ook min besonderhede omtrent die onderwys beskikbaar.

## Natal onder Britse Bewind.

In 1843 is Natal deur Brittanje geannekseer en onmiddellik is bepaal dat voor die wet geen verskil wat betref kleur, afkoms, taal en godsdiens gemaak mag word nie. (1)

Die eerste vyf jaar na die anneksasie is absoluut niks omtrent die skoolwese gedoen nie, eers op 16 Julie 1849 word die eerste Goewermentskool in Pietermaritzburg geopen. (2)

### 1. Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

In 1845 is die uiters liberalistiesgesinde M. West as Luitenant-goewerneur van Natal aangestel. Hy is opgevolg deur Pine wat van mening was dat die Bantoe verstandelik nie die blanke se mindere is nie. (3) Gevolglik sou gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank onder sodanige omstandighede vanselfsprekend wees. Die staatskool wat in 1850 in Durban geopen is, het ses maande na die opening reeds 14 nie-blankes op die

---

(1) Holder, W.C., History of the Colony of Natal, South Africa, 195.

(2) N.G.N. 1., Gov. Not. No. 52'49, 9.7.1849. (S. Arg. Pm.)

(3) Emanualson, O.E., History of Native Education in Natal, 24. (S. Arg. Pm.)

rol gehad, waarvan 3 Bantoes, 3 Hottentotte en 8 kleurlinge was. (1) In Desember 1850 was daar van hierdie 14 leerlinge nog 5 op genoemde skool. Of daar nog ander nie-blanke leerlinge bygekom het, kon nie bepaal word nie. Die leerlingtal het egter van 101 na 136 gestyg. (2) In Desember 1851 word weer melding gemaak van 2 Bantoes naamlik Bennie en Hendry Ogle. (3)

Die staatskool op Pietermaritzburg was vanaf die opening ook toeganklik vir beide blank en nie-blank. (4) Soos in die geval van die Durbanse staatskool is ook hierdie skool baie swak bygewoon deur nie-blankes. (5)

Omdat die liberalis geen kleurverskille gemaak het nie, is dit uiters moeilik om te bepaal hoeveel van die kinders op die skole blank en nie-blank is. Ook is dit nie juis om altyd afleidings van die name soos verstrek in die opgawes, te maak nie. Van die kleurlingkinders het Engelse **vanne** gehad en die staatskole was vry en toeganklik vir almal. Die ouers moes slegs die nodige boeke vir hulle kinders vind. (6)

Die onderwysverslae van 1857 en 1858 toon egter dat op verskeie staatskole blank sowel as nie-blank was. (7) Op die staatskool op Verulam was 13 van die 42 kinders nie-blankes. (8)

---

(1) C.S.O. Letters Received, Vol. 41, No. 50, 30.6.1850. (S. Arg. Pm.)

(2) C.S.O. Letters Received, Vol. 41, No. 60, Desember 1850. (S. Arg. Pm.)

(3) C.S.O. Letters Received, No. 87, Des. 1851, (S.Arg.Pm.)

(4) (a) C.S.O. Letters Received, Vol. 41, No. 20, 27.8.1849. (S. Arg. Pm.)
(b) Emanuelson, O.E., History of Native Education in Natal, 35. (S. Arg. Pm.)

(5) Ibid., 35.

(6) C.S.O. Vol 41, No. 111, 31.12.1852. (Letters Received) (S. Arg. Pm.)

(7) C.S.O. Vol. 71, 30.6.1857. (S. Arg. Pm.)

(8) Emanuelson, O.E. a.w., 83. (S. Arg. Pm.)

Nie-blanke kinders is ook toegelaat tot skole wat met die opening slegs blank was. Hierteen het die ouers van blanke kinders hewig geprotesteer. (1) Die regering het egter in Mei 1875 bepaal: „That all Government and Government Aided Schools to receive as scholars the children of all classes of Her Majesty's subjects in Natal. All coloured children to conform in every respect to European habits." (2)

Op die staatskole kon nie-blankes na bogenoemde bepaling dus nie geweier word nie. Nie-blankes is dus saam met blankes op verskillende staatskole onderwys. (3) In die onderwysverslag vir 1883 word daar ook gemeld: „All the Government and Aided Schools have always been open to 'all classes of Her Majesty's subjects'. The number of coloured children who seek admission is not large. Except a few halfcasts in one or two country schools, they are all found chiefly in the Government Primary Schools, more especially in the two Primary Schools in Durban. They do not exceed sixty in number, and their evil influence among the other children is practically nil. When at school, they must conform strictly to European habits and customs, and they are under supervision when at play. I have invariably found them as clean and well-clad, and as intelligent and industrious as their white companions, and no valid specific complaint has ever been made against any of them." (4)

In 1891 was daar nog steeds staatskole vir blankes

---

(1) C.S.O. 529, Letters Received, Letter No. 2896, 11.10.1875, T.W. Brooks. Kol.Sekret. (S. Arg. Pm.)

(2) (a) E.D. 1/2/1 Letter Books 1876-1880 of Superintendent's Inspection of Schools and Secretary of the Council of Education, 129, R. 261-1877, 11.6.1877.
(b) Natal Government Gazette, 31.8.1875.

(3) (a) E.D. 1/1/1. Minutes Book, Council of Ed., 207, 2.11.1882.
(b) Ibid., Dok. No. 25, 25.2.1885.

(4) Blue Book of the Colony of Natal, 1883, Educational Returns 1883, P.U. 15.

wat deur nie-blankes besoek is. Kleurlinge is byvoorbeeld tot die staatskool op Newcastle toegelaat, (1) in die Modelskool vir seuns in Pietermaritzburg waar F.G. Richmond die hoof was, het Hindoes ook die skool vir blankes bygewoon, (2) en op die Modelskool in Durban vir blanke seuns, was daar ook Indiërs. (3)

Die toelating van nie-blankes tot skole vir blankes het egter al moeiliker geword. In Mei 1895 is bepaal dat Bantoe- en Indiërkinders slegs tot die staatskole vir blankes kan toegelaat word na hulle die kursusse in hulle eie skole deurloop het. (4) Die toelating van nie-blankes tot blanke skole het aansienlik verminder, alhoewel kleurlinge met 'n baie ligte kleur selfs gedurende 1900 tot 1910 nog toelating tot blanke skole verkry het. (5)

## 2. Weerstand teen Gesamentlike Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Reeds in 1846 doen die Engelssprekendes van Durban aansoek dat die Naturelle uit Durban verwyder moet word. (6) Hulle was dus glad nie baie ingenome met die plan om saam met die Soeloes te woon nie, wat nie alleen verraderlik en gevaarlik was nie, maar in hulle barbaarse

---

(1) (a) Natal: Report of Commission on Education, 1891, C. 13.
(b) C.S.O. No. 2755, Report of Education Commission 1891, with Correspondence and Annexures, D. 115. (S. Arg. Pm.)

(2) Ibid., D. 34.

(3) Ibid., D. 48.

(4) Emanuelson, O.E., a.w., 165. (S. Arg. Pm.)

(5) Natal: Report of Educational Commission, 1909, 12.

(6) C.S.O. Letters Received, Vol. 37, No. 53, 22.12.1846. (S. Arg. Pm.)

staat nog half nakend rondgestap het. (1)

Reeds vroeg begin blanke ouers weerstand bied teen die gesamentlike opvoeding van blank en nie-blank. Allerlei direkte en indirekte metodes word gebruik om gesamentlike skoolopvoeding te dwarsboom. Die eerste indirekte metode was om die blanke kinders nie die staatskleinkinderskole te laat besoek nie. (2) Die wat dit kon bekostig het van privaatskole gebruik gemaak. (3) In 1857 was daar in Durban 181 kinders op die staatskole, 106 op privaatskole en 190 wat by die huis onderrig ontvang het of glad nie skoolgegaan het nie. (4) Die staatskool in Durban word ook bestempel as, „much inferior to what a government school should be". (5)

'n Ander metode wat gebruik is om die nie-blanke weg te hou van die skole vir blankes, was om die £1 vir £1 stelsel van toelae in te bring en slegs sekere skole toeganklik te maak vir die Bantoe en ander skole net vir die blanke oop te stel. (6)

Vanaf 1859, na dr. R. Mann as Superintendent van Onderwys aangestel is, tot 1875, was daar blykbaar nie veel openlike teenstand teen gemengde skoolopvoeding nie. Niks in hierdie verband kon opgespoor word nie. Dit was moontlik te wyte aan die groot vermeerdering van Bantoeskole. (7)

---

(1) Law Books Natal, 1836-1855, Vol. II, A.C. 634, Proclamation 31.1.1854. (Volgens hierdie proklamasie moes Naturelle wanneer hulle deur plekke soos Pietermaritzburg, Durban en Ladysmith gaan, of as hulle voor die Magistraat verskyn, klere aan hê.)

(2) C.S.O. 41. Letters Recd., No. 99, 5.3.1852, Kol. Chapman — Waarnemende Kol. Sekr. van die Goewerment. (S. Arg. Pm.)

(3) C.S.O. Letters Received, Vol. 24, No. 30, 30.3.1852. Res. Mag.-Kol. Sekretaris. (S. Arg. Pm.)

(4) C.S.O. No. 103, Report of Commission on Durban School No. 196, 13.11.57. (S. Arg. Pm.)

(5) Ibid., 1.

(6) Emanuelson, O.E.m a.w., 35.

(7) Natal Blue Book, 1864, T. 11. (56 skole van verskillende soorte vir Bantoe.)

In Mei 1875 word egter bepaal dat alle staats- en staatsondersteunde skole vir alle klasse toeganklik is. (1) Gemengde blanke-nie-blanke skoolopvoeding is dus weer pertinent op die voorgrond gestoot en openlike weerstand het gevolg.

Die hoof van die Queen School, Durban, rapporteer dat drie kinders sy skool verlaat het omdat nie-blankes, alhoewel nie in dieselfde klasse as genoemde kinders nie, tot die skool toegelaat is. (2) Ouers het nie slegs hulle kinders weggeneem van skole as nie-blankes toegelaat is nie, maar het eenvoudig nie hulle kinders na sodanige skole gestuur nie, veral waar dit dogters gegeld het. 'n Sekere Crowe wat spesiaal gekies is om die toekomstige onderwysers en onderwyseresse op te lei kon nie genoeg dogters vind nie, „and the Superintendent on enquiring into this matter, became aware that parents were withdrawing and withholding their children, especially their girls, in consequence of the presence of the children of St. Helena families". (3)

Dit is ook verder duidelik dat hierdie toestand nie slegs op een skool betrekking gehad het nie. „The Superintendent was also made aware that a similar feeling prevailed in other schools at Durban, and that children of these families, who had failed to find entrance elsewhere had been by his order admitted into the Government schools." (4) In 'n poging om meer dogters vir die skool te trek, is die 25 St. Helena kinders met die verskuiwing van die skool op 3 April na 'n nuwe gebou, tydelik onttrek met die doel om diegene wie se gedrag goed

---

(1) Natal Government Gazette, 31.8.1875.

(2) C.S.O. 529, Brief 2896, 11.10.1875, T.W. Brooks — Kol. Sekr. (S. Arg. Pm.)

(3) Blue Book of Natal 1875, T. 14, par. 15.

(4) Blue Book of Natal, 1875, T. 14, Par. 16.

is, weer geleidelik hertoe te laat. (1)

Die weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank was so sterk, dat die Superintendent omtrent sir. G. Wolseley se proklamasie, „all schools supported by the Government were open to all classes of Her Majesty's subjects", die volgende opmerking gemaak het: „A rule which, however sound in theory, would if reduced to practice, leave shortly none but native schools to receive Government aid." (2) Hy wys ook verder daarop dat na die uitvaardiging van genoemde proklamasie 4 kinders van die skool weggeneem is, maar dat 2 weer teruggestuur is nadat die ouers gehoor het dat dit op alle staatsondersteunde skole van toepassing is. (3) Dit is heel duidelik dat die blankes nie uit eie beweging hulle kinders na die gemengde skole gestuur het nie, maar deur die owerheid daartoe gedwing is.

Hoofde van skole het soms selfs in stryd met bogenoemde proklamasie nie-blanke kinders toelating tot hulle skole geweier. Indien dit egter net op grond van kleur gedoen is, moes hulle later die betrokke nie-blanke kinders toelaat. (4) Dit was nietemin 'n metode om weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding te bied en die owerheid daarop te wys dat hulle nie gediend was met die gebruik nie. Blanke ouers was teë daarop dat hulle kinders met nie-blankes in dieselfde skool moet assosieer, afgesien of hierdie nie-blankes Kleurlinge of Indiërs was. (5)

---

(1) Blue Book of Natal, 1875, T. 14, parr. 17 en 18.

(2) Ibid., par. 19.

(3) Ibid., par. 20.

(4) E. D. 1/1/1, Minute Book of Council of Education, 23.1.1878 — 28.6.1888, Minutes of Meeting, 25/2/85, Dok. No. 25. (S. Arg. Pm.)

(5) (a) Ibid., 207.
(b) E.D. 1/2/1, Letter Book, Supt. Inspections of Schools and Secretary of Council of Education, 1876-1850, 129.
(c) Blue Book of Natal, 1875, T. 20, par. 51.

'n Baie sterkbewoorde protes het in 1888 van Newcastle gekom. Die petisionarisse het die gesamentlike opvoeding van blank en nie-blank as uiters ongewens beskou. Hulle wys ook daarop dat die wet in hierdie verband onregverdig is en voer die volgende redes aan:

(i) Die staatskole in Durban en Pietermaritzburg, is as modelskole oorspronklik net vir blankes opgerig terwyl afsonderlike voorsiening vir nie-blankes gemaak is.

(ii) Deur die wet van kleurblindheid toe te pas word die meerderheid terwille van die minderheid opgeoffer.

(iii) In Pietermaritzburg en Durban kan ouers hulle kinders na ander skole stuur, terwyl dit in Newcastle nie die geval is nie.

(iv) In Newcastle is daar reeds ~~vir~~ 'n geruime tyd 'n staatsondersteunde skool vir Indiërs wat ook deur Kleurlinge bygewoon word. As die openbare skool vir almal, afgesien van kleur toeganklik is, waarom moet nog 'n skool in die dorp staatsondersteuning ontvang.

(v) As swart en wit saam onderrig word, sal 'n gemeensaamheid gekweek word wat vir beide skadelik sal wees, en dit moet verhoed word. Slegs onlangs is die Kolonie tot op sy fondamente geskud as gevolg van die geweldpleging van swartes op blanke vroue en meisies. Dit het gebeur omdat onbesonne blanke persone nagelaat het om die nie-blanke op sy regte plek te hou.

(vi) Dit wil voorkom of die Wetgewende mag doelbewus regulasies ontwerp om familiariteit te kweek terwyl die kinders nog jonk en gevoelig vir indrukke is.

(vii) Dit word erken dat die nie-blanke net soos die blanke die nodige sorg van die staat vir hulle onderwys mag eis, maar daar word geprotesteer teen die gesamentlike opvoeding van blank en nie-blank in dieselfde skole.

Die petisie word afgesluit met die volgende woorde: „That is the opinion of your petitioners, the question arises whether this expensive Establishment provided for,

out of the general Revenue of the Colony is to be maintained for the benefit of the coloured population and for the poorer amongst ourselves who cannot pay higher fees, and who by reason of their poverty must submit to the association of their children with coloured ones, or let them grow up without Education." (1)

Bogenoemde petisie het gevolg op die toelating van twee nie-blankes tot die staatskool op Newcastle op 1.4.1888. Onmiddellik is 75 blanke kinders uit die skool onttrek. (2)

In antwoord op hierdie petisie het die Raad van Onderwys daarop gewys dat hulle nie by magte is om die toelating van nie-blanke kinders tot staatskole op grond van kleur te weier nie. Hulle kon slegs toelating geweier word as hulle onsindelik en nie goed gekleed is nie, en as hulle nie die vereiste standaard vir toelating bereik het nie. Om die nie-blankes in afsonderlike kamers te onderrig, sal veel erger wees as om hulle toelating tot die skool te weier, aangesien dit die gevoel oor die kleurprobleem sal versterk. (3)

Die ouers van die twee nie-blanke kinders het uit eie beweging die kinders teruggetrek. (4) Uit latere inligting, wil dit blyk dat die kinders weer teruggestuur is na die betrokke staatskool, en dat die bywoning deur blanke kinders weer afgeneem het. (5)

Die weerstand teen gesamentlike opvoeding van blank en nie-blank het al heftiger geword. „In February 1894,

---

(1) G.H. 403, Dok. 1548-1888, Newcastle, Petisie van D.P. Walker en 35 ander, 1.4.1888. (S. Arg. Pm.)

(2) G.H. 403, Dok. 1548-1888, Newcastle, Geteken deur D.P. Walker en 35 ander. (Die Petisionarisse het saam 98 kinders in die skool gehad.) (S. Arg. Pm.)

(3) G.H. 403, Brief van Onderwys Raad — Petisionarisse, Newcastle, 18.4.1888. (S. Arg. Pm.)

(4) G.H. 403, Inligting van die Onderwysraad, 9.4.'88. (S. Arg. Pm.)

(5) Ibid., Inligting van President van die Onderwysraad, 24.4.1888. (S. Arg. Pm.)

when it was suggested that Indians should be admitted to the Verulam Government School the parents of European children made a vigorous protest." (1)

3. <u>Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank</u>.

Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank het vanselsprekend ook soortgelyke skoolopvoeding meegebring. Soos in die Kaapkolonie was die doel met die skoolopvoeding van die nie-blanke om hom te verwesters en by die blanke gemeenskap in te skakel. Volgens Ordonnansie No. 2 van 1856, word in artikel 3 bepaal dat godsdiensonderwys, ambagsopleiding en onderrig in die Engelse taal die belangrikste deel van die leerplan moet wees. (2) Ook die komitee wat aangestel is, beveel aan dat die Bantoe in Engelse onderwys moet ontvang. (3)

Tot 1884 was die leerplanne vir nie-blanke skole soortgelyk as dié vir blanke skole. Die beheer en die beleid van naturelle-onderwys was in die hande van die goewerneur, bygestaan deur die Sekretaris van Naturellesake en die Superintendent van Onderwys. (4) Die goewerneur het min of meer op die verslag van die Macfarlanekommissie van 1852 gehandel, met ander woorde, 'n Europese onderwys vir die naturel om hom by die blanke aan te pas. (5) In die verslae oor naturelle-onderwys word daar ook spesiale melding gemaak in hoeverre die naturel hom by die blanke se gewoontes aanpas. Daar is veral gelet op sy sindelikheid, die klere wat hy dra, sy

---

(1) Emanuelson, O.E., Native Education in Natal, 165. (S. Arg. Pm.)

(2) Laws of Natal 1836-1855, Vol. II, A.C. 634, Ord. No. 2, 1856. (For promoting Education of Coloured Youth in the District of Natal.)

(3) E.D. 5/1, Select Committee of Legislative Council of Natal, 2.10.1858. (S. Arg. Pm.)

(4) Vanaf 1878 is die Superintendent van Onderwys, die Superintendent Inspekteur genoem.

(5) Unie van Suid-Afrika, U.G. No. 29/1936. Interdepartementele Kom. 1/5 Naturelle-onderwys, 21.

gebruike en in watter soort huis hy woon. (1)

In 1864 was daar 7 dagskole met 467 Bantoekinders, „who received instruction in English from fairly competent European teachers". (2) Onderrig in Engels was die belangrikste vereiste om staatsteun te ontvang. (3) Die gevolg was dat op sekere skole waar die personeel slegs uit Bantoes bestaan het, die onderrig deur medium van Engels was. (4) Die taalmedium wat ook as metode van onderrig geld, was dus vir blank en nie-blank dieselfde.

In 1884 is 'n poging aangewend om die leerplan vir die Bantoe verskillend te maak van dié vir die Blanke. Lees en skrywe in die Soeloetaal is ook ingesluit en ook onderrig in die beginsels van sedelikheid op 'n wyse ooreenkomstig die Bantoe se vermoë. (5) In 1885 is Fred B. Fynney aangestel as inspekteur van Bantoe-onderwys. Dit wou voorkom of daar dus daadwerklike pogings aangewend is om die Bantoe se onderwys van die blanke s'n te skei, maar in 1887 word die indeling van die leerplan van Bantoeskole so gewysig dat dit weer in ooreenstemming met dié van blanke skole is. (6) „English", „English History", „Elementary Latin", en „French", was van die vakke wat by sommige leerplanne ingesluit is. (7)

Om die nie-blanke by die westerse beskawing en kultuur te laat aanpas, is 'n soortgelyke skoolopvoeding aan

---

(1) Blue Book for the Colony of Natal, 1883, Report on Native Education, U. 43.

(2) Blue Book for the Colony of Natal, 1864, Report on Native Education, U. 42.

(3) Ibid., U. 43.

(4) Emanuelson, O.E., History of Native Education in Natal, 93, (S. Arg. Pm.)

(5) Natal, Wet No. 1 van 1884.

(6) Loram, C.T., The Education of the South African Native, 58.

(7) (a) Reports on Native Education, F.B. Funney en R. Plant.
(b) Loram, D.T. a.w., 58.

blank en nie-blank verskaf: Dit was eers in 1893 dat die owerheid besluit het om in plaas van 'n paar Bantoes 'n goeie onderwys te gee, dit beter sal wees om 'n elementêre onderrig aan soveel moontlik te verskaf. (1) Die besef het algemeen begin posvat dat soortgelyke skoolopvoeding vir blank en nie-blank nie die gewenste resultate afwerp nie, maar omdat die beginsel van aparte ontwikkeling buite rekening gelaat is, was die probleem watter soort opvoeding nou juis geskik vir die nie-blanke sal wees.

4. Gevolge van Gesamentlike en Soortgelyke Skoolopvoeding van Blank en Nie-blank.

Die gevolge van gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding van blank en nie-blank blyk baie duidelik uit die weerstand wat teen sodanige opvoeding gebied is. Staatskole is vermy en privaatskole is deur die blanke ouers wat dit kon bekostig, gestig. (2) In 1889 was daar nog 2600 kinders wat privaatonderwys ontvang het in vergelyking met die 4,702 op staats- en staatsondersteunde skole. (3)

Sommige van die ouers wat dit nie kon bekostig om hulle kinders na privaatskole te stuur nie, het eenvoudig hulle kinders deur rondgaande onderwysers laat onderrig of sonder sekulêre onderwys laat opgroei. (4) Ook het blanke ouers hulle kinders onttrek van skole sodra nie-blanke kinders toegelaat is, met die gevolg dat staatskole gekwyn het. (5)

---

(1) Emanuelson, O.E., a.w., 140.

(2) C.S.O., Vol. 24, No. 30, Res. Magistraat — Kol. Sekr., 30.3.1852. (S. Arg. Pm.) Teenoor die 86 staatskole in Durban, was daar 68 privaatskole.

(3) C.S.O. Ed. Vol. 1755, Evidence before Educ. Commission 1891, Russel — Commission, 15.

(4) (a) G.H. 403, Dok. 1548-1888, Brief, 1.4.1888, Newcastle — Owerheid. (S. Arg. Pm.)
(b) C.S.O. Ed. 2755, Evidence Ed. Commission, 15.

(5) Blue Book of Natal, 1875, T. 14, par. 19.

Die nie-blankes was dikwels self nie tevrede met die onderwys wat hulle kinders ontvang het nie. Die Bantoes by Umsinga het besware geopper teen die stigting van 'n skool in hulle omgewing. „They had no children to send to school. Their wives would be drawn away from their husbands, and mothers would be drawn away from their children, to go and wear dresses and become women of the lowest type, thereby bringing trouble and misery upon their families. The children tending the stock and watching the gardens would neglect their work and run away to school, so that the crops would be destroyed. Children who were educated and became christians despised their parents. The disregarding of parents might lead to the deserting of homes, and the children and young people might wander away and become homeless or bad characters, unless they stayed at the mission stations, where their characters would not necessarily improve. In short the children would ‚bunga' i.e. become ‚turncoats' or ‚wild people'." (1) Die skoolopvoeding van die blanke het dus nie aangesluit by die stamkarakteristiek en lewenswyse van die Bantoe nie, met die gevolg dat hy ontaard het en uit eie volksverband weggebreek het.

Die soortgelyke opvoeding van blank en nie-blank het tot gevolg gehad dat die nie-blanke vir die blanke, veral op ambagsgebied, 'n gevaar begin word het. In 1894 moes die owerheid bepaal dat artikels wat deur naturellenywerheidskole vervaardig word, op so 'n wyse van die hand gesit moet word dat dit nie 'n wedywering met die algemene handel veroorsaak nie. (2) Die skoolopvoeding wat hy dus ontvang het, het hom aan bande gelê.

---

(1) „Umsinga Mountain Controversy." ('n Vergadering gehou deur die Resident Magistraat, H.F. Fynn, dr. Dalzella en 'n naturelle-onderwyser, David Bengane, met die Bantoes van Umsinga, 1887.

(2) Loram, C.T., The Education of the South African Native, 61.

Soortgelyke skoolopvoeding het soortgelyke pligte meegebring en gevolglik is die minder ontwikkelde nie-blanke in vergelyking met die blanke in 'n baie swak lig gestel. Die algehele vreemde opvoeding wat nie by sy agtergrond aangepas het nie, het hom onbeholpe laat voorkom. „There has appeared to be a want of energy, system and discipline." (1)

Gesamentlike en soortgelyke skoolopvoeding het rassewrywing vererger en openlike diskriminasie teenoor die nie-blanke bevorder. Die nie-blanke moes dikwels sy kind aan die blanke se skool onttrek, omdat die weerstand van die blanke dit vir sy kind onuithoudbaar op die gemengde skool gemaak het. (2)

## 5. Vordering van Apartheid as Beginsel in die Skoolopvoeding.

In vergelyking met die Kaapkolonie het apartheid as beginsel in die skoolopvoeding in Natal groter inslag gevind by die blanke gemeenskap. Die Engelssprekende in Natal wou sy kind 'n tipiese Engelse skoolopvoeding laat geniet, en het dus sy eie skole gestig. Hy het die staatskool as minderwaardig beskou. (3) „A very general anxiety is manifested in the Town, espesially among parents of the class who would be likely to send their children to such a school, — to assure for their children the advantages of a good education." (4)

Die nie-blanke in Natal was vir die blanke 'n baie groot gevaar en gevolglik het laasgenoemde veiligheidshalwe altyd gepoog om territoriale skeiding te verkry, met die

---

(1) Blue Book Natal 1885, F.B. Fynney, Report on Native Education, U. 45.

(2) (a) G.M. 403, Dok. 1548-1888, 4.9.1888. („Parents of Coloured Children have voluntarily withdrawn them.")
(b) Blue Book of Natal, 1875, T. 14, parr. 18-19.

(3) C.S.O. No. 103, Brief 196, 13.11.1857. (Commission Report on Durban School, 1.)

(4) Ibid., par. 2.

gevolg dat skeiding op skool ook makliker toegepas kon word en dit ook mettertyd 'n vanselfsprekende gebruik begin word het, veral namate meer skole vir nie-blankes opgerig is. (1)

Omdat die nie-blanke nie veel baat by die gewone skoolopvoeding gevind het nie, is gepoog om hom in handearbeid op te lei. As onontwikkelde moes hy 'n skoolopvoeding verskillend van die blanke ontvang. Alhoewel hierdie poging nie in die regte rigting was nie, omdat die nie-blanke in die blanke se ambagte opgelei is, toon dit nietemin dat die besef begin deurdring dat die nie-blanke 'n ander soort skoolopvoeding as die blanke moet ontvang.

Die oorspronklike doel was om die Bantoe deur-en-deur 'n Engelse skoolopvoeding deur medium van Engels te gee. (2) In 1864 was daar egter reeds Bantoeskole waar slegs Soeloe onderrig is, en andere wat ook Engels onderrig het terwille van staatsteun. (3) In 1881 was daar 1717 leerlinge op Bantoeskole wat hulle onderrig in Engels ontvang het, terwyl 1325 deur medium van hulle moedertaal onderrig is. (4) In 1884 is selfs 'n afsonderlike leerplan vir Bantoeskole opgestel. Lees en skrywe in die Engelse taal was nog een van die belangrikste vakke, maar ook is lees en skrywe in die Soeloetaal ingesluit, asook onderrig in die beginsels van die sedelikheid ooreenkomstig die Bantoe se vermoë. (5) Ook is twee lede wat kennis van Soeloe het tot die onderwysraad bygevoeg. (6)

---

(1) (a) Blue Book of Natal, 1864, T. 11.
(b) Blue Book of Natal, 1893, G. 2. G. 3.

(2) E.D. 5/1 Select Committee of Leg. Council of Natal, 2.10.1858. (S. Arg. Pm.)

(3) Blue Book of Natal, 1864, Report on Native Schools in operation and in Receipt of Aid from Government for the last six months of the year 1864, T. 12.

(4) Blue Book of Natal, 1881, Native Schools, T. 13.

(5) Wet No. 1 van 1884.

(6) Ibid.

In 1875 toe 'n hernude poging aangewend is om gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank op die blanke gemeenskap af te dwing, (1) is weerstand uit verskillende oorde gebied, (2) 'n bewys dat die blankes nieteenstaande hulle nie die reg gehad het om die toelating van nie-blankes tot hulle skole te weier nie, nie-blanke kinders nie geredelik opgeneem het nie. Om hierdie rede moes die owerheid dit onder die aandag van die skole bring dat: „His Excellency the Administrator of the Government in Council directs it to be announced, that in future Schools supported by the Government are to be open to all classes of Her Majesty's subjects." (3)

Die gebruik van aparte skole vir blank en nie-blank het reeds so ver gevorder en die weerstand teen gesamentlike skoolopvoeding was so sterk en openlik dat die owerheid besef het, dat die saak baie versigtig gehanteer moet word, want alhoewel nie-blankes wat hulle by die Europese lewenswyse kon aanpas nie toelating tot blanke skole geweier kon word nie, is skoolhoofde nogtans beveel: „Report to the Department any circumstance which, in your opinion, makes the attendence of such children at your school prejudicial to the interest of the other pupils." (4) Ook in sy jaarverslag vir 1875, wys die Superintendent van Onderwys daarop, dat blanke skole vir nie-blanke kinders wat 'n Europese standaard handhaaf,

---

(1) Natal Government Gazette, 31.8.1875. (S. Arg. Pm.)

(2) (a) E.D. 1/2/1, Sup. Inspector of Schools and Sec. of Council of Education, Letterbooks, 1876-1880, 129. (S. Arg. Pm.)
(b) E.D. 1/1/1, Minute Book, Council of Education, 207. (S. Arg. Pm.)
(c) Ibid., No. 25, 25.2.85. (S. Arg. Pm.)

(3) C.O.S., No. 2755, Educational Commission 1891, Report, Correspondence and Annexures, D. 115. (S. Arg. Pm.)

(4) E.D. 1/2/1, Supt. Inspector of Schools and Secr. of Council of Education, Letter Books 1876-1880, R. 261-1877, 11.6.1877, 129.

toeganklik is, „but (he added) if we cannot remove these objections, and the school is manifestly injured, we must yield". (1)

In sy spesiale verslag oor staatsondersteunde skole stel R. Russel, Superintendent van Onderwys die saak soos volg: „The question is not whether they shall be educated, but whether they shall be allowed to sit side by side in the same schools with our children. Neither is it one merely of abstract right. The claims of these coloured people as colonists and burgesses cannot be disputed. Their social position, however, is not high, and the characters of some of them would bear scrutiny. Their ways of thought, and their habits and customs, are often widely different from our own. These considerations, and not the fact of mere difference in colour, are the causes of wide-spread feeling against them. On the other hand, their seeking the advantages of these schools, evidence a desire on the part of the parents to have their children trained in conformity with enlightened English ideas. This desire ought to be encouraged rather than checked. At the same time, it must be clearly understood that white people have ‚rights' which they cannot afford to part with; and that not the least cherished by them is that the sense of honour, decency, and manliness inculcated in our children shall be fensed from injury by every possible security." (2)

Gelyke behandeling van blank en nie-blank het dus probleme geskep wat nie verontagsaam kon word nie. Die verskil in die werklikheidsbelewenis van blank en nie-blank het duidelik geword, en dat hierdie verskil nie uitgewis kan word deur slegs die nie-blanke 'n Engelse skool-

---

(1) Blue Book of Natal, 1875, D. 17.

(2) Russel, R. Special Report on Government Aided Education, 1875, 1-2.

opvoeding te gee nie. (1)

Die gedagte van aparte skole vir blank en nie-blank het vanaf 1875, nadat die owerheid gesamentlike skoolopvoeding probeer bevorder het, vinnig veld gewen. In 1887 besluit die Raad van Onderwys dat die waarnemende hoof van die Durbanse Hoërskool, asook die hoof van die „Boys' Model Primary School" in Durban, die toelating van Bantoes tot genoemde skole moet weier. (2) In 1894 word besluit dat waar daar Bantoe- of Indiërskole in die omgewing is, die nie-blanke leerlinge nie vry tot 'n blanke skool kan toegelaat word nie. In Mei 1895 gaan die Raad nog 'n stap verder en besluit dat Bantoes en Indiërs nie tot blanke skole toegelaat kan word alvorens hulle nie die kurseusse in hulle eie skole voltooi het nie. (3) Die nie-blanke is dus geleidelik van die blanke skole geweer. Voorsiening vir nie-blanke skole het met verloop van tyd ook vinniger gevorder, en die blanke gemeenskap het die staatskole gaandeweg beter ondersteun. (4)

Op nie-blanke skole is mettertyd van meer nie-blanke onderwysers in plaas van blankes gebruik gemaak. In 1898 was van 325 onderwysers op die Bantoeskole slegs 79 blank. (5)

6. Samevatting.

Die implementering van die apartheidsbeginsels deur Voortrekker-Natal is met die oorname van die Britte on-

(1) Emanuelson, O.E., History of Native Education in Natal, 94. (In 1874 maak Lt. Goewerneur Pine, reeds die volgende verklaring: „The Native population of this country has immensely increased, and the two races have not as was anticipated become linked together by the bonds of mutual depencence and assistance.")

(2) Ibid., 165.

(3) Ibid., 165.

(4) Blue Book of Natal, 1898, Educational, G. 3.

(5) Ibid., G. 49.

middellik stopgesit en vervang deur die Brits-liberalistiese gelykstellingsbeleid. Gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank en 'n Engelse skoolopvoeding vir nie-blankes op hulle eie skole het die hele skoolstelsel gekenmerk. Die doel was 'n gelyksoortige skoolopvoeding vir alle Britse onderdane om hulle op gelyke voet in dieselfde gemeenskap in te skakel.

Hierdie onnatuurlike samevoeging waarin diepliggende verskille soos historiese agtergrond, kultuur en volkseie verontagsaam is, het baie gou gelei tot wanaanpassing en wederkerige agterdog. Die blanke het allerlei metodes gebruik om die nie-blanke uit sy gemeenskap te weer en gesamentlike skoolopvoeding te verongeluk. Die skoolwese in die algemeen het geweldig daaronder gely en het 'n sukkelende bestaan gevoer. Ook die wysiging in die leerplan om die nie-blanke in blanke vakmanskap op te lei en hom sodoende as nuttige arbeider by die onderste stratum van die blanke gemeenskap in te skakel, het misluk. Die nie-blanke het nie slegs misnoeë geneem met hierdie opleiding wat geen direkte verwantskap met sy agtergrond gehad het nie, maar as staande buite die blanke gemeenskap het hy 'n gevaar vir die blanke vakman en die handelsekonomie geword.

Aparte skoolgeboue vir blank en nie-blank het gaandeweg die gebruik geword, nieteenstaande dit bepaal is dat nie-blankes wat 'n Europese lewenswyse aangeneem het, tot blanke skole toegelaat moet word. Toe hierdie bepaling in 1875 deur 'n proklamasie strenger toegepas is, het die blankes uit alle oorde onmiddellik weerstand gebied. Hulle het geweier om hulle kind saam met die nie-blanke op skool te sit. Die blanke, veral die Afrikaner, het dit beskou as 'n metode om die blanke kind van kindsbeen af voor te berei vir verbroedering met die nie-blanke.

Die nie-blanke aan die ander kant het die skoolopvoeding

van die blanke as 'n euwel beskou. Dit het die ouer se beheer oor sy kind verswak en aanleiding gegee tot verval van die opkomende geslag. Die gevolg was dat die owerheid moes toesien hoe die apartheidsbeginsels algaande deurgewerk en toegepas word. So het Soeloe naas Engels erkenning gekry en mettertyd op sommige skole selfs 'n belangriker plek ingeneem.

Hoewel die idee van 'n Engelse skoolopvoeding vir die nie-blanke nog nie laat vaar is nie, was dit algemeen duidelik dat gesamentlike skoolopvoeding van blank en nie-blank nie gehandhaaf kon word nie. Die Engelsman wat in die begin die apartheidsgedagte van die Afrikaner verwerp het, moes met verloop van tyd toon dat sy volksverbondenheid hom belet om saam met die nie-blanke tot een gemeenskap te groei. Hy het tot die oortuiging geraak dat die nie-blanke nie gewillig is om sy volkseie vir die vreemde te verruil nie. Alhoewel die Engelsman dit nie sou verklaar nie, het apartheid as beginsel in die skoolopvoeding in Natal aan die einde van die 19e eeu reeds aanmerklike vordering gemaak.